Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

**PUNTE-TOTAAL**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# MUSIEK VRAESTEL II

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 1½ uur

50 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Hulpbronboekie van 6 bladsye (i–vi). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Maak die Hulpbronboekie in die middel van jou vraestel los. Die Hulpbronboekie sluit een bladsy vir rofwerk in.

2. Al die vrae moet op hierdie vraestel beantwoord word. Moenie enige vrae in 'n Antwoordboekie beantwoord nie.

3. Musieknotasie moet met 'n skerp potlood geskryf word. Die res van die vraestel moet met 'n pen beantwoord word.

4. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan. Moenie Tippex gebruik nie.

5. Twee bladsye blanko musiekpapier (bladsy 7 en 8) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Gebruik hierdie bladsye indien jy te min spasie vir 'n vraag het. Toon die vraagnommer van jou antwoord duidelik indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.


---

| VRAAG | MAKSIMUM PUNT | BEHAAL |
|---|---|---|
| 1 | 16 | |
| 2 | 19 | |
| 3 | 15 | |
| TOTAAL | 50 | |

IEB Copyright © 2022


## VRAAG 1

1.1 Skryf die toonleer van A♭-majeur sonder 'n toonsoortteken. Skryf die toonleer deur agstenote in saamgestelde vierslagmaat te gebruik en voltooi die maat met rustekens.




(2)

1.2 Skryf die toonleer van G♯ melodiese mineur met 'n toonsoortteken, stygend en dalend. Skryf die toonleer deur kwartnote te gebruik.



(2)

1.3 Voeg 'n sleutel en skuiftekens in om die toonleer van B♭ harmoniese mineur te skep.




(2)

1.4 Identifiseer die blues-toonleer hieronder wat korrek geskryf is.

| | |
|---|---|
|  | |
|  | |
|  | |

(1)


1.5 Skryf die heeltoon-toonleer wat op G♭ begin sonder 'n toonsoortteken, stygend.



(1)


IEB Copyright © 2022

1.6 Omkring twee verkeerde note in die E majeur pentatoniese toonleer wat hieronder geskryf is. Herskryf dan die toonleer korrek.



(2)

1.7 Skryf die Frigiese modus op F♯ sonder 'n toonsoortteken. Skryf die modus deur een maat in 'n onreëlmatige tydmaatteken te gebruik.




(3)

1.8 Die volgende kadens kan beskryf word as:

| | | |
|---|---|---|
|  | 'n Plagale kadens in D majeur | |
| | 'n Onderbroke kadens in C♯ mineur | |
| | 'n Onvolmaakte kadens in G♯ mineur | |

(1)

1.9 Beskryf die notasie hieronder deur die tabel wat volg te voltooi.

|  | |
|---|---|
| Majeurtoonsoort: | Tegniese naam van noot: |
| Mineurtoonsoort: | Tegniese naam van noot: |

(2)
**[16]**

## VRAAG 2

Verwys na **BYLAAG A** in die Hulpbronboekie. Bylaag A bevat uittreksels uit 'n Tema en Variasies deur W.A. Mozart.

2.1 Identifiseer die vorm van die tema (maat 1–24).

________________________________________ (1)

2.2 Beskryf 'n ritmiese verskil tussen die tema en elkeen van die variasies wat volg.

Variasie 3: ________________________________

________________________________ (1)

Variasie 8: ________________________________

________________________________ (1)

Variasie 13: ________________________________

________________________________ (1)

2.3 Gebruik die gegewe elemente om nog een verskil tussen die tema en elkeen van die volgende variasies te toon:

Variasie 3 – melodie: ________________________________

________________________________ (1)

Variasie 8 – tonaliteit: ________________________________

________________________________ (1)

Variasie 13 – tempo: ________________________________

________________________________ (1)

IEB Copyright © 2022

2.4 Identifiseer die nie-harmoniese note gemerk "W", "X", "Y" en "Z".

W: ______________________________

X: ______________________________

Y: ______________________________

Z: ______________________________ (2)

2.5 Identifiseer die komposisietegnieke gemerk "P" en "Q".

P: ______________________________

Q: ______________________________ (1)

2.6 Identifiseer die intervalle gemerk "A", "B" en "C".

A: ______________________________


B: ______________________________

C: ______________________________ (3)

2.7 Transkribeer die volgende uittreksel soos aangedui:



2.7.1 Transkribeer die uittreksel in die tenoorsleutel op dieselfde toonhoogte. Gebruik 'n toonsoortteken.



(3)


2.7.2 Transponeer die uittreksel 'n volmaakte kwint hoër sodat dit dieselfde sal klink wanneer dit deur 'n horing in F gespeel word. Moenie 'n toonsoortteken gebruik nie.



(3)
**[19]**

## VRAAG 3

3.1 Besyfer op die uittreksel hieronder die akkoorde gemerk "D", "E" en "F". Noem die toonsoort.





(4)

3.2 Identifiseer die kadens gemerk "G".

___

(1)


3.3 Harmoniseer die gegewe progressie in vierstemmige harmonie. Noem die toonsoort.



Ib IV iib V7 I

(6)

3.4 Harmoniseer die gegewe sopraan in vierstemmige harmonie om 'n deurgangs-progressie te skep. Noem die toonsoort en besyfer die akkoorde wat jy skryf.



(4)
**[15]**

**Totaal: 50 punte**

IEB Copyright © 2022

## BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022